

Reni gebedsbrief 21 Junie 2014

Liewe familie,

“Wat doen jy hier? Waarmee is jy besig?” Die jong seun kyk op in hulle oë. Daar is ‘n vraagteken in syne. Hy lees die bekommernis, die verwarring, die vrees... Sy antwoord is sag, gerusstellend: “Het julle dan nie geweet dat ek besig is met my Vader se dinge nie?”

Tweeduisend jaar asook ‘n paar woestyne en die Swartsee verwyder van daardie Jerusalem-middag, is daar gerugte van oorloë rondom ons. Elke dag breek aan met nuwe onsekerhede, nuwe vrees. Nuwe swaar wapentuig, terroriste wat die land insypel vanuit Rusland. Die Russiese regering sny die gastoevoer na Oekraïne af, terroriste blaas ‘n gaspyplyn op. Russiese tenks en mortierlanseerders het gister tot op die grens gekom, vanoggend het sommige van hulle die grens oorgesteek. Die wêreld se oë is op Irak gerig, gerugtelik deur die leuens van die Russiese president: “Vrede, vrede!” terwyl die gekamoefleerde inval van Oekraïne met politieke terme ingekleur en onder die mat gevee word.

Wat doen ons hier? Waarmee is ons besig? Ons kyk in hulle oë. Ons sien die bekommernis, die verwarring, die vrees... Maar ons leuens antwoord dan sag, gerusstellend: “Het julle dan nie geweet dat ons besig is met Vader se dinge nie?” Sedert ons hier aangekom het, is elke oomblik gevul met Vader se Koninkryksbesigheid!

Die Jubilee-span van 18 uit Maidstone, Engeland het kliphard gebou aan die kindersentrum. Terwyl die span nog tot 9 die aand gewerk het, het party van die lede saans Koninkryksbeginsels geleer aan die gemeente. Die huis is nou amper gereed! ‘n Pa en Ma gaan hier bly en kindertjies inneem wat weggegooi word of by hulle ouers weggeneem word totdat hulle in ‘n nuwe gesin geplaas kan word. Ons is so opgewonde! Die volgende week was die Creative Arts Academy (ook van Jubilee, Maidstone) hier. Ons het ‘n fantastiese konsert gehou om fondse in te samel vir ‘n plaaslike sentrum vir gestremde kindertjies. Die direkteur van die sentrum was in tranes toe ons die bedrag wat ingesamel is, aan haar oorhandig het. Daarsonder sou hulle moes toemaak aangesien hulle nie kon bekostig om nuwe wasgeriewe te installeer nie! ‘n Antwoord op hulle gebede!

Daarna het CAA elke dag met ‘n span van een van Reni se skole spandeer. Hulle het geleer om liedjies te skryf, op te neem, videos te beplan en te skiet. Alles oor die onderwerp “Reni – my stad!” Daar is ook vriendskappe gesmee en speletjies gespeel en Saterdagmiddag is ‘n konsert op die dorpsplein gehou waar die wenner van die beste video ook bekend gemaak is. Tussendeur is kosbare tyd spandeer met ons jongmense en aanbiddingspan. Wat ‘n fantastiese week met die Koninkryk wat oral kom!

Soos die wyse maagde wat op die Bruidegom wag, word ons almal opgeroep om met ons houe vol olie gereed te wees. Dit is die uur waarin ons lewe. Maar waarmee is ons besig terwyl ons wag? Vader se koninkryk, natuurlik!

Ja, deel van Vader se Koninkryk is natuurlik ook om vir die situasie in Oekraïne te bid. Ons roep LIG uit oor al die leuens en die duisternis! Hierdie volk SAL Sy lig sien! Geliefdes, wat is dan ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge? God is vir ons, wie kan dan teen ons wees? HY het SY eie Seun nie gespaar nie, maar HOM oorgelewer om ons en ook die mense in Oekraïne te red. Sal HY ons dan nie al die ander dinge SAAM MET HOM uit genade skenk nie?

WIE kan die uitverkorenes van God aankla? God spreek vry! Hierdie week het Grisha en Lilia ons met woorde en beskuldigings aangeval (hulle het tans ‘n volmag om namens Kolja en Aliona oor 30% van ONS aandele te beskik!) Hulle het selfs ingestem dat ons almal die Here aanroep as Regter in hierdie saak!

WIE kan ons veroordeel? JESUS CHRISTUS aan die regterhand van GOD pleit vir ons!

WIE kan ons van die liefde van Christus skei? HY het ons lief!

MAAR in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur HOM wat ons liefhet...

Geen dood/lewe/engele/magte/teenswoordige of toekomstige dinge/kragte /hoogte/diepte/Russiese tenks en invalle/beskuldigings of skelmstreke/enige iets anders in die skepping kan ons van die liefde van GOD skei nie, die liefde wat daar is in CHRISTUS JESUS ons HERE...So sê die HERE GOD,"EK sal My Hand uitstrek na al die nasies toe,onder die volke sal EK MY VAANDEL opsteek" (Jes 49:22).

"Kom almal (in Oekraïne) wat dors is... kom koop en eet... sonder geld en sonder om te betaal...wyn en melk" (Jes 55:1).Bid asseblief saam met ons vir krag, verkwikking, wysheid... Jesus, ek bid en vra dat U baie genade sal betoon vir hierdie uur in Oekraïne, Here, dat U U diensknekte so sal versterk en bemoedig deur U Woord en U Gees dat hul staande sal bly en die oorwinning sal behaal.... Here, dit maak ons klein wanneer ons sien en hoor wat U doen en vir die moed van die gelowiges... in Jesus Christus se Naam vra ons dit... Amen.

Gebedsversoeke:

1. Oekraïne. Rusland se 65 000 troepe op ons grense is op gevegsgereedheidsgrondslag.
2. Diana, 'n klein weerlose dogtertjie in ons kindersentrum. Haar ouers drink en nou is haar mamma swanger en oorweeg 'n aborsie.
3. Elkeen van die jongmense met wie ons bevriend geraak het tydens die week van die videokompetisie, Daar is soveel van hulle met oop harte. Bid dat Heilige Gees sal werk en dat die vyand nie sal kom steel nie: Jan, Yulian, Raisa, Marina, Anya, Lyosha, Andrei, Tanya, Vlada Eduard, Masha, Darya, Nastya en nog baie meer (ongeveer 60 kinders is bereik deur die week).
4. Tanya, hoof van ons kleuterskool is steeds af met kanker alhoewel die gewas geweldig gekrimp het. Ons vertrou Vader vir volkome genesing!
5. Klein Sasha het soveel seer binne hom... hy het nou die dag hoenders by sy ouma se kele afgesny. Bid vir hom en de ander kindertjies wat worstel met verwerping, pyn, woede. Baie van hulle is geweldig aandagafleibaar. Bid vir ons personeel: geduld en baie liefde!
6. Grisha en Lilia het nou 'n volmag om met 30% van ons aandele in Univermag te handel, hulle erken dat dit aan ons behoort maar wil dit gebruik om ons te manipuleer. Hulle regverdig hulleself en het selfs erken dat God moet beslis of hulle reg optree of nie. Bid dat hierdie saak nou afgehandel sal word. Bid veral dat Heilige Gees vir Kolya en Aliona sal oortuig dat hulle sal teruggee soos hulle belowe het 2 jaar gelede al.
7. Dit lyk of Anatoli en Sveta vir Kristina asook Vasia (haar boetie) en Katja (haar sussie) gaan aanneem. Bid vir genade maar veral vir oorfloedige, onvoorwaardelike liefde as dit die gesin is wat Vader vir die drietjies gekies het.
8. Ons eie gesondheid het bietjie deurgeloopt die afgelope 2 weke. Bid vir beskerming en sterk immuniteit!
9. Ons wil vir elkeen van julle dankie se. Ons het nou nie meer 'n gemeente wat ons finansiële ondersteun nie, maar julle bydraes hou ons hier, besig met Vader se werk. Dankie vir elke bydrae. Geen bydrae is te klein nie. Dankie vir julle liefde vir ons en die mense van hierdie land.

Mag elkeen van julle besig wees met Pa se dinge. Met dit wat vir Hom belangrik is, dit waarvoor Hy jou geplaas het waar jy is. Mag Sy Koninkryk kom!

Met Sy liefde,

Ockert, Michele en kinders.